

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Mei 2019 Uitgawe 2

uMsinga women fight poverty



■ Lelly Mntungwa opened a clothing factory to empower women in uMsinga, KwaZulu-Natal.

More Matshediso and Silusapho Nyanda

Not all heroes wear capes. There are a number of everyday heroes among us, quietly making a difference in their communities.

One such person is Lelly Mntungwa of uMsinga in KwaZulu-Natal, who started a clothing manufacturing business that has created over 100 jobs for local women and youth.

Mntungwa owns uMsinga Clothing Factory which she established after reading a report that was released in 2010 and revealed that uMsinga was one of the poorest communities in the country.

Thousands of families were left without an income when a massive shoe factory in the area closed down about 25 years ago.

The plight of the community prompted Mntungwa to leave

● **Cont. page 2**



Young author shines with first book

Page 4



Male midwife shatters female-only stereotype

Page 5



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

FREE COPY

Alles wat jy oor die WVF moet weet

Indien jy vir 'n bepaalde tydperk tot die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) bygedra het, is jy daarop geregtig om voordele te eis as jy jou werk verloor, weens siekte nie in staat is om te werk nie, of kraam- of aannemingsverlof moet neem.

Afhanklikes van afgestorwe bydraers kan ook eis.

Werkgewers moet hul werkers vir WVF registreer sodra hulle begin werk. Daar word ook van hulle vereis om elke maand die WVF-bydrae aan die WVF te betaal – een persent wat van die werker se salaris afgetrek word en een persent wat deur die werkgever betaal word.

Die totale bydrae is twee persent van die werker se salaris.

Sommige werkers hoef nie WVF te betaal nie, insluitend diegene wat minder as 24 uur per maand werk; alleen-eienaars van ondernemings; werkers wat slegs kommissie verdien; en lede van die parlement, kabinet, ministers en munisipale raadslede.

Eis van die WVF

Indien jy jou werk verloor, kan jy werkloosheidsvoordele van die WVF eis.

Die tarief wat deur die WVF betaal word, word deur 'n voordeleskaal bepaal wat wissel tussen 38 en 60 persent van jou salaris vir die eerste 238 kredietdae en 'n eenvormige tarief van 20 persent vir tussen die 239-ste tot die 365-ste dag.

Lae-inkomsteverdieners ontvang 'n hoër persentasie.

Vir elke vier dae wat jy gewerk het, ontvang jy een dag krediet – dit is onderhewig aan 'n maksimum van 365 krediete.

Om vir maksimum krediete te kwalifiseer, moes jy deurlopend as 'n WVF-bydraer gewerk het vir minstens vier jaar onmiddellik voor jou aansoek om voordele te eis.

'n Aansoek om WVF-voordele moet gebring word binne 12 maande vandat jy jou werk verloor, en voordele is betaalbaar vanaf die datum van diensbeëindiging.



Voordele is net betaalbaar indien jou werkgever jou diens beëindig of as jou kontrak verval. Geen voordele is betaalbaar as jy bedank nie, tensy dit konstruktiewe ontslag was.

Kraamvoordele

Om WVF te kan eis wanneer jy op kraamverlof is, moes jy minstens 13 weke voor die aansoekdatum in diens gewees het.

Jy moet om kraamvoordele aansoek doen voordat jou kind gebore word, of binne 12 maande vanaf die geboortedatum.

Jy kan slegs WVF eis as jy nie jou volle salaris ontvang nie. Kraamvoordele word vir hoogstens 121 dae uitbetaal, en sluit gevalle van miskraam en doodgeboorte in.

Siektevoordele

Om siektevoordele te eis, moet jy aansoek doen binne 12 maande vandat jy weens siekte vir werk ongeskik geraak het. Voordele word betaal vanaf die datum waarop jy ophou werk.

'n Mediese sertifikaat moet by die WVF ingedien word en voordele is slegs betaalbaar vir 'n siekte wat langer as sewe

dae duur.

Aannemingsverlofvoordele

Om aannemingsverlofvoordele te eis, moet die aangenome kind jonger as twee wees. Jy moet aansoek doen binne 12 maande nadat die aannemingsbevel uitgereik is.

Slegs een van die aanneemouers kan vir voordele aansoek

doen, wat betaalbaar is vanaf die datum waarop die hof die aannemingsbevel toestaan.

Aannemingsverlof moet gebruik word om vir die kind te sorg.

Afhanklike-voordele

'n Oorlewende eggenoot of lewensmaat kan vir voordele aansoek doen binne 18 maande vanaf die bydraer se afsterwe. Indien hulle dit nie binne 12 maande doen nie, kan 'n afhanklike kind vir voordele aansoek doen. Die kind sal dan ses maande en 14 dae hê om aansoek te doen.

Enige kind van die afgestorwene wat op die datum van afsterwe tussen die ouderdom van 21 en 25 is, kan ook vir voordele kwalifiseer. Die kind moet 'n student wees en moes geheel en al van die afgestorwene afhanklik gewees het. **V**

Het jy geweet?

- Die WVF is deel van die regering se maatskaplikekerheidsprogram en bied korttermynverligting aan bydraers wat nie in staat is om te werk nie.

Bedrog

- Jy sal bedrog pleeg as jy aanhou om WVF-voordele te ontvang wanneer jy weer begin werk. Die WVF sal oortreders vervolgt.
- Moet nie bedrieglike eise indien nie. Die WVF se databasis is gekoppel aan werkgewers se rekords en alle inligting word gekontroleer om te verseker dat dit outentiek is.
- Rapporteer enige werkgever wat jy vermoed nie aan WVF-wetgewing voldoen nie by enige kantoor van die Departement van Arbeid.

Vir meer inligting oor die WVF, besoek jou naaste arbeidsentrum, skakel die oproepsentrum by (012) 337 1680 of die tolvrye nommer by 0800 843 843, of besoek die Departement van Arbeid se webwerf by www.labour.gov.za.